# Inhoudsopgawe


## 1. INLEIDING ... 1

Hoe om hierdie studiewerkgids te gebruik ... 1
Benadering tot die bestudering van letterkunde ... 2
Agtergrondinligting oor die skrywer ... 2

## 2. AFDELING A: VASLEGGING VAN DIE INHOUD ... 3

Verhaalopsomming ... 3
Hoofstuk 1 (p. 3–34) ... 3
Hoofstuk 2 (p. 35–60) ... 4
Hoofstuk 3 (p. 61–86) ... 5
Hoofstuk 4 (p. 87–102) ... 6
Hoofstuk 5 (p. 103–108) ... 7
Hoofstuk 6 (p. 109–115) ... 7
Hoofstuk 7 (p. 116–122) ... 8
Hoofstuk 8 (p. 123–133) ... 8
Hoofstuk 9 (p. 134–146) ... 9
Hoofstuk 10 (p. 147–151) ... 10
Hoofstuk 11 (p. 152–168) ... 10
Hoofstuk 12 (p. 169–177) ... 11
Hoofstuk 13 (p. 178–218) ... 11

## 3. AFDELING B: 20 LEESTOETSE ... 14

Leestoetse ... 14
Leidrade ... 15
Blokraaisels ... 26

## 4. AFDELING C: PROSAKOMPONENTE ... 36

DIE BOU VAN DIE ROMAN ... 36
KARAKTERS (MENSE EN DIERE IN ’N VERHAAL) ... 36
HANDELING ... 54
DIALOOG ... 54
KONFLIK/BOTSING ... 55
SPANNING ... 56
STRUKTUUR VAN DIE ROMAN – FASES ... 56
TYD ... 57
RUIMTE/MILIEU ... 61
VERTELLER ... 63
TEMA EN SUBTEMAS ... 64
MOTIEWE ... 67
SIMBOLIEK ... 69
TITEL ... 71




Droomdelwers Studie Gids.indb 5 2019/11/18 2:54 PM

5. AFDELING D: KONTEKSTUELE VRAE 72
HOOFSTUK 1 72
HOOFSTUK 2 74
HOOFSTUK 3 75
HOOFSTUK 4 77
HOOFSTUK 5 79
HOOFSTUK 6 81
HOOFSTUK 7 82
HOOFSTUK 8 84
HOOFSTUK 9 86
HOOFSTUK 10 87
HOOFSTUK 11 89
HOOFSTUK 12 91
HOOFSTUK 13 93

6. AFDELING E: DIE LETTERKUNDIGE OPSTEL 95
ALGEMENE WENKE 95
INLEIDING 95
LIGGAAM 95
SLOT 96
MOONTLIKE TEMAS 96
VOORBEELD VAN 'N LETTERKUNDIGE OPSTEL 98
MOONTLIKE ANTWOORD 103

7. AFDELING F: WOORDESKATUITBREIDING 106
LEIDRADE 106
BLOKRAAISELS 108

8. AFDELING G: STELWERK- EN MONDELINGOPSIES 110

9. AFDELING H: GLOSSARIUM VAN LITERÊRE BEGRIPPE 114
ERKENNINGSLYS 119



Droomdelwers Studie Gids.indb 6 2019/11/18 2:54 PM

# 2. AFDELING A: VASLEGGING VAN DIE INHOUD

## Verhaalopsomming

Letterkundebestudering kan nie plaasvind indien jy nie die storie gelees het nie. Maak doodseker dat jy die storie gelees het asook die verhaalopsomming in die leesgids voorin die skooluitgawe bestudeer het. Nadat jy *Droomdelwers* gelees en die leesgids noukeurig bestudeer het, kan jy die volgende invul om jou kennis van die storielyn te toets en vas te lê.

## Hoofstuk 1 (p. 3–34)

### SOUTMANSDAL

1.1__________, die hoofkarakter, kom die Sondagoggend per bus op die 1.2 __________-stasie aan ná 1.3 __________ jaar in die Silwerkruis-tronk in die Vrystaat. Haar ma se broer, oom 1.4 __________, kom haal haar die oggend en hul vertrek na die groot huis by die 1.5 __________ Soutmyn in die dorpie 1.6 __________. 1.7 __________ se tweede vrou, 1.8 __________, en haar ma, 1.9 __________, ontvang hul met 'n spesiale middagete.
Die Bonthuys-gesin kom groet vinnig en Phil gaan roep 1.10 __________ wat met haar lappoppe in die stuurkajuit van die stootskraper by die 1.11 __________ speel.
Aan die middagetetafel is Sielie baie sku, maar streel tog later haar suster, 1.12 __________, se arm. Mara blaker uit dat almal weet dat Leendra haar 1.13 __________ vermoor het.
Leendra gesels die Sondagmiddag met haar oom in die studeerkamer oor haar toekoms. Sy wil graag met haar 1.14 __________ 'n besigheid begin. Phil het haar pa, 1.15 __________, se aandeel in die soutmyn uitgekoop en daarna het Hendrik die 1.16 __________ in die Kleinkloof gekoop en hulle het daarheen verhuis.
Leendra is baie ontsteld toe sy hoor haar ma se 1.17 __________ is deur 'n handelaar van die Kaap gekoop. Sy storm by die huis uit en gaan sit op die 1.18 __________ waar sy as kind vissies gevang het. 1.19 __________ kom daar aan en probeer haar kalmeer.
Leendra stap teen 1.20 __________ terug en rook 'n sigaret voor 1.21 __________ se kafee, waar sy vir Boeta kry. Hy nooi haar in en hulle praat oor Sielie, die 1.22 __________ en die 1.23 __________.
Leendra sê 1.24 __________ het nie gehou van haar verhouding met 1.25 __________ nie en het 'n aandeel aan die gebeure gehad.
Sondagaand lê Leendra in haar bed en dink aan die 1.26 __________ en hoe sy na 1.27 __________ verlang het. Sielie bring haar 1.28 __________-lappop om by Leendra te slaap. Leendra skrik die nag wakker met die herinnering van 'n 1.29 __________ wat voor die ontploffing by haar pa was.

### VLAKTEVLEI

Pastoor 1.30 __________ Killian kondig die Sondagoggend in die kerk aan dat hy na die 1.31 __________-gemeente in 1.32 __________ beroep is en vra vir die gemeente se voorbidding, want hy moet binnekort besluit. Die gemeente is 1.33 __________ oor die nuus.
Gerald stap later die Sondagmiddag see toe, waar hy 1.34 __________ ontmoet en haar probeer kalmeer. Later besoek hy en sy vrou, 1.35 __________, die siek ant Gertie Syster.
Kêppies stap na ant Sweetie se kafee en sien hoe Phil met Leendra aankom. Hy besluit hy sal in 1.36 __________ op die skoolterrein gaan woon wanneer sy seun-hulle weggaan.
Teen skemer gaan drink hy en 1.37 __________ nagmaalwyn in die kerk. Gerald betrap hulle daar en vra uit oor Leendra.
Kêppies sê Hendrik het self die 1.38 __________ by die steengroef gebou. Eendag het 'n ontploffing die huis uitmekaar geskiet en Leendra en Sielie se ma en pa is dood. Mense sê dit was gas, maar hy sê dit was 1.39 __________. Daardie aand het Leendra haar kêrel, 1.40 __________, by die 1.41 __________ doodgeskiet. Die mense meen sy wou eintlik vir Redelinghuys doodskiet.
Die Sondagaand werk Gerald in die 1.42 __________. Jamaina kom binne om te hoor wanneer hy huis toe kom en hulle bespreek sy besluit om Atlantis se beroep te aanvaar.



Droomdelwers Studie Gids.indb 3 2019/11/18 2:54 PM

# 5. AFDELING D: KONTEKSTUELE VRAE

Die vrae wat hier volg, is opgestel aan die hand van die vereistes van die KABV en lyk soos jou eksamenvrae behoort te lyk. Die kognitiewe vlakke is in **[ ]**-hakies aangedui en die puntetoekenning in **( )**-hakies.

**Hierdie kontekstuele vrae tel 25 punte van jou eksamenvraestel.**
Daar sal vir jou 'n **uittreksel** uit die leesboek gegee word en dan moet jy die vrae na aanleiding daarvan beantwoord.

## HOOFSTUK 1

Herlees **bladsy 11** en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

> geboue en 'n groot ou huis aan die linkerkant. Aan die oorkant staan 'n kleiner huis. Dis hier waar ant Sweetie agter die kantgordyn uitloer en agtertoe roep: "Bontie! Kom kyk! Hulle het gekom!"
>
> "Kom weg van die venster af, Sweetie! Hulle sien vir jou!" Oom Bontie verskyn met krom skouers agter haar.
>
> "Hulle sien my nie," sê ant Sweetie en probeer haar groot lyf eenkant hou, maar haar oë bly om die draai loer, vasgenael op Leendra wat uit die motor klim. "Jitte, kyk hoe lyk die kind, uitgeteer. En kyk hoe hang die hare. En daar klim Phil ook nou uit. Ewe vol smiles. Wat ek nie kan kleinkry nie, is dat hy haar nooit gebel het nie. Nie eers 'n ou briefietjie geskrywe nie . . ."
>
> "Ag, Sweetie, jy weet mos hy was daardie tyd ook maar in skok en in rou, soos ons almal."
>
> Sweetie gee vir Bontie 'n kyk. Dat hy nou wragtag vir Phil opkom. Maar nou ja, Bontie sal nooit 'n verkeerde woord van iemand sê nie. Veral ook nie van Phil wat sy baas is nie.
>
> "Hy't haar afgeskryf," sê sy beslis. "Hy't gedink sy gaan nooit uitkom nie."
>
> "Ons het almal so gedink, Sweetie," sug Bontie sag. "Maar die Man van Bo het ons gebede aangehoor."
>
> Toe Sweetie weer na Bontie kyk, sien sy dat trane oor sy wange afdrup tot in sy stoppelbaard. Sy sit 'n stewige arm rondom hom. Hulle huil saam. En toe kom Boeta ook by die voorhuis in. Hy staan met sy forse lyf die deur vol.
>
> "Ma," sê hy op sy stadige manier, "Leentjies het huis toe gekom. Oom Phil se kar het nou net gestop."
>
> "Ons weet, my kind," sê Sweetie, "ons kan nou-nou oorloop om haar te gaan groet. Sy moet net eers kans kry om vir Lucia te ontmoet. En vir ou Mara."
>
> "En Sielie, Ma. Sal Sielie haar kan onthou?"
>
> "Ek weet nie, Boeta. Dit weet ek nie. Sewe jaar is 'n lang tyd."
>
> Lucia van Tonder kyk deur die venster na die skraal meisie wat saam met Phil na die stoep toe aangeloop kom. Die spanning wat al die hele oggend in haar aan die opbou was, gaan binnekort in 'n migraine ontaard, weet sy. Sy het reeds 'n pil ge-

1.1. Wie is Bontie na wie ant Sweetie in reël 2 roep? [1] (1)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________



Droomdelwers Studie Gids.indb 83 2019/11/18 2:54 PM

1.2 Herlees reël 4. Wat verklap ant Sweetie se optrede van haar karakter? [3] (1)

1.3 Evalueer die toon en betekenis van ant Sweetie woorde "Ewe vol smiles" in reël 9. [4] (2)

1.4 Hoekom, dink jy, het oom Phil nooit vir Leendra in die tronk gekontak nie? [2] (1)

1.5 Waar werk Bontie? [2] (1)

1.6 In reël 19 sien ons 'n sagte kant van Bontie. Bespreek kortliks sy verhouding met Leendra deur die verloop van die verhaal. [2] (4)

1.7 Watter afleiding kan ons maak uit die feit dat Boeta Leendra "Leentjies" noem? [3] (2)

1.8 Herlees reël 25. Wie is Mara? Sê ook hoe sy teenoor Leendra optree. [2] (3)

1.9 Herlees reël 26. Bespreek kortliks Boeta en Sielie se verhouding. [2] (3)

1.10 Ant Sweetie se woorde in die eerste twee sinne van reël 27 is insiggewend. Bespreek die impak daarvan. [4] (2)

1.11 Herlees reël 27. Bespreek die simboliek van die getal sewe in hierdie roman. [3] (3)



Droomdelwers Studie Gids.indb 84 2019/11/18 2:54 PM

1.12 Benoem die vertelperspektief in hierdie gedeelte. [1] (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

1.13 Hoe word ant Sweetie deur *benaming* gekarakteriseer? [3] (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

**[25]**

# HOOFSTUK 2

Herlees **bladsy 35** en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

*Koster se vrou, Rachel, wat 'n pakker by die Van Hellberg Soutmyne is, het gevertel dat Hennerik Rooihel se dogter daar in die offies begint te werk het. En Rachel het oek gesê die werksmense het dadelik 'n diep respekte vir haar gehad oor sy Hennerik Rooihel se dogter is. Dié wat nie self onner hom gewerk het nie, het gehoor van hom, van die groot man met die rooi baard wat nie nonsies gevat het nie, 'n needrige man wat hard gewerk het en wat sy vyste sou insit vir reg en geregtegheid, 'n man wat sy werksmense beskerm het asof hulle sy eie kinners is. Rachel het gevertel dat die soutmynmense gou agtergekom het dat daar baie van Hennerik Rooihel in sy dogter se gearendheid is.*

*Sy't hulle ammel soggens kom groet en wou wiet wat elkeen doen. En sy het ook pertykeer met die tea break 'n entjie saam met hulle bytekant gerook. En dan het hulle haar gevertel van hulle kinners en siektes en hulle moeilikgeit as daar moeilikgeit was. Binne 'n paar dae het sy hulle ammal oppie name geken, het Rachel gesê. Hulle het ammel gewiet dat sy sewe jaar gesit het en vir die eerste maal het hulle gevoel dat daar iemand was wat vir hulle sal opkom as hulle moeilikgeit met Van Tonner het.*

*Van Tonner was nog nooit 'n maklike baas gewies nie. Die mense het gou vir haar die naam Windhond gegee, oorlat sy soe vinnig loop. Ver ente, orie soutpanne tot annerkant by die soutakkers, tot by die vleilande het sy geloep met die dun lyn soesie wind vanself. Rachel het gesê sy loep waar anner die bakkie vat en ry. Sy was soes een met rooimiere innie gat wat nooit lank innie offies kon stilstil nie en dan is sy yt innie stoor in of by die drywers of oppie myn.*

Die soutpan se ooptes lyk soos die wit hemel waaraan sy geglo het toe sy en Sielie nog klein was. In die glansende spierwit hemel skyn die son op soutkristalle wat soos diamante skitter. In 1288 het sy dikwels haar oë toegemaak en die witheid probeer raaksien. Die sout lug probeer ruik. Die vryheid van die ooptes probeer oproep.

1.1 Wie is die verteller wat hier aan die woord is? [1] (1)

_______________________________________________

1.2 Bespreek die rol van hierdie eerstepersoonsverteller volledig. [3] (4)

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________



Droomdelwers Studie Gids.indb 85 2019/11/18 2:54 PM

1.3 Dink jy die verteller se taalgebruik is gepas? Gee redes vir jou antwoord. [4] (3)

1.4 Watter belangrike rol speel Rachel en Koster in hierdie gedeelte van die verhaal. [2] (2)

1.5 Herlees reël 2. Wat lei ons omtrent Hendrik van Hellberg uit sy bynaam af? [3] (2)

1.6 Gee voorbeelde om te wys hoe Leendra en haar pa se geaardheid ooreengestem het. [2] (3)

1.7 Benoem en verduidelik die beeldspraak in reël 17 volledig. [3] (3)

1.8 Herlees reël 19. Hoekom, dink jy, het Leendra moontlik "rooimiere" gehad en kon sy nie stilsit "innie offies" nie? [5] (2)

1.9 Verklaar die wit spasie tussen die twee gedeeltes op bladsy 35. [3] (2)

1.10 Wat is die 1288 waarna in reël 23 verwys word? [1] (1)

1.11 Evalueer die verwysing na die "witheid" in reël 23 en sê hoe dit met Leendra se vryheid in reël 24 verband hou. [4] (2)

**[25]**

# HOOFSTUK 3

Lees **bladsy 80** en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

"Die man het vanmiddag by ons geëet, oom Bontie! Dis sy rooi Ford-bakkie wat daar staan. Hy kamp daar bo in die Kleinkloof. En hy lieg. Hy't vir oom Phil gesê hy was nog nooit voorheen hier nie."

Oom Bontie kyk haar peinsend aan.

"Die man is 'n geoloog. Oom Phil is vreeslik beïndruk met hom. Hulle sit nou al glad in die studeerkamer en kuier. Oom Phil het hom gevra om môre na die soutakkers



Droomdelwers Studie Gids.indb 86 2019/11/18 2:54 PM